Rinada-boeke

5

# Goed, beter...
# Afrikaans
## Eerste Addisionele Taal
## Werkboek

edubooks

Naam: ______________________

Klas: ______________________

# INHOUDSOPGAWE

## EENHEID 1: 'n NUWE SKOOL


A. Kommunikasie 3
B. Dagboekinskrywing 4
C. Begripstoets – Prudence … 4
D. Gedig – 'n Nuwe skooljaar 8
E. Taal – Woordorde 10
F. Meervoude 11
G. Blokkiesraaisel 12
H. Verkleinwoorde 13
I. Blokkiesraaisel 16
J. Taal – Verlede/toekomende 17
K. Gedig – Boodskap in die klas. 19
L. Skoolregister 21
M. Afkortings 23
N. Tyd – Hoe laat is dit? 24
O. Toets jou kennis 26


## EENHEID 2: HET JY GEWEET?


A. Taal – Voegwoorde 28
B. Begripstoets – Lego-land 31
C. Taal – Voegwoorde 34
D. Voorbereide praat 36
E. Intensiewe vorm 36
F. Woordstrukture – Slapende diere 37
G. Vraagwoorde 38
H. Taal – Voegwoorde 41
I. Een woord vir baie 44
J. Woordstrukture – Skoon, skoner, skoonste 44


## EENHEID 3: SPORT


A. Kommunikasie 46
B. Taal - Werkwoorde 47
C. Voorbereide praat 47
D. Taal – Ontkenning 48
E. Trappe van vergelyking 50
F. Woordstrukture 50
G. Rigting 52
H. Kommunikasie 54
I. Begripstoets 54
J. Vraagwoorde 57
K. Luisterbegrip 57
L. Sinstrukture 59
M. Lydende vorm 61
N. Voorsetsels 62
O. Trappe van vergelyking 63
P. Boodskap 64


## EENHEID 4: DIS VAKANSIETYD!


A. Begripstoets 65
B. Taal – Lydende vorm 67
C. Telwoorde en rangtelwoorde 69
D. Woordstrukture 70
E. Vergelykings 71
F. Taal – Lydende vorm 72
G. Begripstoets 73
H. Dialoog – Koop en verkoop 74
I. Byvoelike naamwoorde 75
J. Leestekens 75
K. Skryftekens 76
L. Lees- en skryftekens 76
M. Sinstrukture 77
N. Antonieme 78
O. Byvoelike naamwoorde 78


edubooks

## EENHEID 5: BAK EN BROU


A. Taal – Direkte en indirekte rede 79
B. Soeklees 80
C. Taal - Direkte en indirekte rede 81
D. Kom ons bak 'n sjokoladekoek 82
E. Maak 'n inkopielysie 84
F. Voorbereide praat 84
G. Begripstoets 85
H. Spreekwoorde 86
I. Woordspeletjie 87
J. Begripstoets 88
K. Onderhoud voer 90
L. Antonieme 90
M. Trappe van vergelyking 91
N. Taal – Direkte en indireke Rede 91
O. Gedig – Bak en brou 93


## EENHEID 6: GESINSGEWOONTES


A. Kommunikasie 94
B. Voorbereide praat 94
C. Begripstoets 95
D. Spyskaart 97
E. Taal – Wat noem ons …? 98
F. Antonieme 99
G. Intensiewe vorm 100
H. Blokkiesraaisel 100
I. Taal – Verlede- en toekomende tyd 102
J. Vraagwoorde 103
K. Byvoeglike naamwoorde 103
L. Gedig – 'n Familie-gedig 104
M. Seisoene 105
N. Lees- en skryftekens 106
O. Woordspeletjie 107


## EENHEID 7: DIERE


A. Begripstoets 108
B. Meervoud en enkelvoud 110
C. Verkleiningsvorm 111
D. Intensiewe vorm 111
E. Speletjie 112
F. Gedig – Diere en hul dinge Ontkenning 113
G. Spreekwoorde 114
H. Begripstoets 115
I. Skryf 117
J. Ontkenning 118
K. Trappe van vergelyking 118
L. Direkte en indirekte rede 119
M. y/ei/ui-klanke 120
N. Voornaamwoorde 120
O. Dieregeluide 121


## EENHEID 8: HERSIENING


A. Verlede tyd 122
B. Toekomende tyd 123
C. Sinstrukture 124
D. Vraagwoorde 127
E. Luisteroefening 128


edubooks

## EENHEID 1: 'n NUWE SKOOL


## A. KOMMUNIKASIE

**Datum:** ____________________________

Ontmoet vir Prudence en Chester, twee graad 5-leerders. Prudence is 'n nuwe meisie in die skool. Chester is al van graad 1 af in Laerskool Positief, die beste skool in die hele wêreld.

Die eerste dag van 'n skooljaar kan baie spesiaal, opwindend of skrikwekkend vir die meeste leerders wees.

**Gesels oor die vlogende vrae in die klas. Pas elke keer die rede in die pyl by die emosie wat sekere van die leerders op die eerste skooldag ervaar.**




1. **Vir wie** is sommige leerders **bang**?
2. **Waarom** is sommige leerders **hartseer**?
3. **Waarom** is sommige leerders **opgewonde**?
4. **Wat** maak nuwe leerders **angstig?**
5. **Wat haat** sekere leerders?

edubooks

## GROEPWERK

**Verdeel in pare. Vra mekaar die volgende vrae oor hoe jy oor hierdie jaar voel.**
**Dink onder andere aan die volgende:**

- Waarna sien jy baie uit hierdie jaar?
- Wat maak jou bang as jy aan hierdie jaar dink?
- Hoe voel jy oor hierdie jaar se skoolwerk?
- Hoe voel jy hierdie jaar oor sport?



## B. DAGBOEKINSKRYWING

**Datum:________________________**

**Skryf drie sinne oor 'n slegte dag by die skool. Skryf een sin oor elk van die volgende:**

1. Wie was die rede vir jou slegte dag?
2. Wat het gebeur?
3. Hoe het jy daarop reageer?

**1. kwaai juffrou, boelie, leiers raas**

**2. gepraat, nie geluister nie, boeke nie oorgetrek nie**

**3. gehuil, skaam gevoel, jammer gesê**

Jy kan van die beskrywende woorde in die blokkie gebruik.

**Liewe Dagboek** **Datum:____________________**

edubooks

## C. BEGRIPSTOETS

**Datum:________________________**




## Prudence se eerste skooldag!

Prudence is baie opgewonde. Sy is 11 jaar oud en begin môre haar eerste skooldag in graad 5. Toe haar mammie haar die dag gaan inskryf het, het sy saamgegaan. Die skoolgebou het baie groot gelyk en sy het baie bang, maar ook opgewonde gevoel. Prudence se ouers het getrek en nou moet sy by 'n nuwe skool begin. Die sekretaresse het vir Prudence se ma 'n lang lys van al die items gegee wat sy vir graad 5 nodig het.

Haar mammie moes vir haar die volgende items koop:

| SKOOLKLERE | SKOOLBOEKE | SKOOLBEHOEFTES |
|---|---|---|
| SKOOLROK<br>SKOOLHEMP<br>SKOOLKOUSE<br>SKOOLSKOENE<br>SKOOLTRUI | 1 SKRYFBOEK MET LYNE<br>1 SKRYFBOEK SONDER LYNE<br>1 SKRYFBLOK GEPONS<br>1 PAK A4-AFROLPAPIER (100 VELLE)<br>1 LÊER | 1 HB POTLOOD<br>1 BLOU PEN<br>1 UITVEËR<br>1 LINIAAL<br>1 PAK INKLEURPOTLODE |





Items wat nie op die lys was nie, was 'n skooltas, 'n pennesakkie en natuurlik 'n kosblik en 'n waterbottel.

Die aand voor die skool begin, is Prudence baie opgewonde. Sy sukkel om aan die slaap te raak. Sy lê en rondrol. Die volgende oggend toe mammie haar wakker maak, voel sy nog 'n bietjie moeg. Sy gaan was, borsel haar tande en trek haar splinternuwe skooluniform aan. Toe stap sy met die trappies af en gaan eet ontbyt.

Haar ma het vir haar heerlike hawermout, vrugte en 'n glas melk vir ontbyt gegee. Nadat sy geëet het, het sy haar kosblik en waterbottel in haar tas gepak. Prudence en Mamma klim in die motor en hulle ry skool toe. Mamma stap saam met haar klas toe. Die ander kinders lyk baie vriendelik en Prudence glo dat sy sommer baie gelukkig hier gaan wees.

edubooks



**<u>Sigwoorde</u>**

**Onderstreep die volgende sigwoorde in die leesstuk.**

**is baie en haar in gaan het maar**

**moet by vir toe voel met wees**